

# Kokkewiet Pre-Primêre Skool

VoortrekkerStraat 41  
Ashley

Posbus 10088  
Ashwood  
3605

Tel: 031 7021193

Faks: 0865246128

E-pos: [Kokkewiet@worldonline.co.za](mailto:Kokkewiet@worldonline.co.za)

Webblad: [www.kokkewiet.co.za](http://www.kokkewiet.co.za)

Liewe Gr R ouers en kleuters

## Boodskap aan ouers:

Op 21 Julie 2020 keer ons Gr R kleuters terug skool toe. Ons wil u as ouers gerusstel dat alles moontlik gedoen word om die veiligheid van die kleuters te verseker. Ouers moet kennis dra dat dit nie verpligtend vir Gr R leerders is om skool toe te kom nie. Dit bly u as ouer se keuse.

U is welkom om my te skakel indien daar enige navrae of onsekerhede is.

## Dit is hoe jou dag gaan verloop:



- ❖ Jy arriveer by die skool in jul voertuig.
- ❖ Jy moet 'n masker dra.
- ❖ 'n Juffrou gaan vir jou ouers/voog 'n paar vragies vra bv:

- a) Het jy 'n hoë koors?
- b) Het jy 'n droë hoes?
- c) Is jy kortasem?
- d) Is jou keel seer?
- e) Is jou lyfie seer?
- f) Reuk en smaak normaal?
- g) Was jy in kontak met iemand wat positief getoets is vir Covid-19?



- ❖ Jy moet in die voertuig bly totdat 'n juffrou jou koors geneem het. As jou koors hoër as 38°C is moet mamma jou huis toe neem.
- ❖ Indien jou koors laer as 38°C is mag jy maar uit die voertuig klim.
- ❖ Groet vir mamma en dan gaan 'n juffrou jou hande, tas en skoene ontsmet.
- ❖ 'n Juffrou gaan saam met jou tot by die klas stap waar jy vir juffrou gaan groet met een van die maniere wat jy by die huis geoefen het.
- ❖ Jy kan vir juffrou verras met 'n groet wat jy self uitgedink het.
- ❖ Nadat jy jou tas in die badkamer gebêre het, kan jy jou hande gou weer was voordat jy klas toe gaan. (Doen al die stappe)
- ❖ Ons gaan lekker speel, teken, inkleur, skoolwerk doen en storie luister.
- ❖ Elke maatjie in die klas gaan hul eie roomysbak kry, met skryfbehoeftes daarin.
- ❖ Jy sal weet dat dit jou bak is want juffrou gaan jou naam daarop skryf.

- ❖ Almal gaan op nuwe plekke sit. Daar gaan net twee maats by 'n tafel sit.
- ❖ Juffrou gaan ons groep in twee deel en eers skoolwerk met groep 1 doen terwyl groep 2 buite speel en dan gaan ons weer omruil.
- ❖ Niemand mag meer in die sandput speel nie.
- ❖ Elke keer wanneer 'n maatjie met speelgoed gespeel het gaan ons dit eers ontsmet voordat die volgende maatjie daarmee mag speel.
- ❖ Juffrou gaan heeldag by julle wees en ons gaan nie met die ander groepe meng nie.
- ❖ Jy mag geen kos, koeldrank, lekkergoed of enige speelgoed met jou maats deel nie.
- ❖ Nadat jy jou kos geëet het, moet jy die sakkie in die asblik gaan gooi. Juffrou sal jou handjies dan weer ontsmet. Geen kosblikke word toegelaat nie.
- ❖ Voordat jy huis toe gaan moet juffrou eers weer jou koors neem.
- ❖ Juffrou sal saam met jou na die hek toe stap waar mamma vir jou in die voertuig gaan wag. Skool sluit om 12h00.
- ❖ Jy mag nie meer skeppende prentjies huis toe neem nie, maar juffrou sal vir mamma foto's neem sodat sy al jou mooi werk kan sien.



### ONTHOU:

- Moenie jou masker met iemand anders deel nie.
- Was jou masker elke dag.
- Moenie aan jou gesig en oë vat nie.
- Bly by die huis as jy siek voel.
- Jy mag nie aan jou maatjie vat nie.
- Onthou van sosiale distansiëring.
- Hoes in jou elmboog soos Batman.
- Sê vir juffrou as jy siek begin voel deur die loop van die skooldag.

Vriendelike groete

*F Janse van Rensburg*

Me F Janse van Rensburg  
Skoolhoof